

---

# SENIOR BURGER BLAD

*Van Stadens, 13 - 14 Februarie 2020*

Sommige lede het alreeds vroegdag Woensdag die 12de begin kamp maar ander het eers later begin nader staan vir 'n lekker saamtrek.

Die "Brille en Pille" banier het Donderdag oggend trots aangekondig dat SAWA Oos-Kaap se Senior Burgers ge-arriveer het en nou rustig verkeer. Vroeg oggend het Frans Pensionaris soos van ouds ablusie toe gedraf om te stort en dan pad te vat saam met Ebbie wat 'n vinnig Oos-Kaap roete moes doen voordat hulle dalk te laat is vir die middag tee! Hy was selfs vroeër as die wat moes gaan werk! Min simpatie vir Deon wat die pad werk toe moes aandurf na 'n yskoue stort. .hoekom die gas altyd sal vroegdag opraak is net die duiwel se wetel! Gelukkig het hy nie alleen gaan werk nie want daar was 'n paar wat ook maar langdraderig vertrek het.

"Muffin" het soos gewoonlik Ligdag rondgesluip saam met Liana en Tersia om 'n oop stort...met warm water... te vind terwyl Oom Wouter en ander kampeerders lekker ingelê het. Die res van die lede het stuk-stuk deur die dag ge-arriveer en hulle plekkies staangemaak vir die naweek. Die gier van party wat op "ander" se plekke staan het weereens sy kop uitgesteek maar nou ja, ons is mos maar almal geregtig op onse ou eie plekkie in die Son.

Die Donderdag middag het Tersia die Seniors verwelkom by die "Middag Tee". Almal betyds vir bietjie samesyn en iets om aan te smul. Oom Wouter het 'n boodskap gebring om almal te laat besef waarvoor die Kruis daar is en die vraag; "Wat beteken die Kruis vir jou?" het almal stil laat dink. Liana, Frans en Tersia het die leisels vasgevat om die Seniors en hul gade te trakteeer met heerlike eetgoed en 'n warm drink dingetjie. Die groep van 26 het lekker gesmul en gekuier. Daar is lekker gekuier in die kring en dit was heerlik om almal weer te hoor lag en gesels.

Met dankbare harte en vol magies het die "Oumens Klaas Vakie" soos gewoonlik sand kom strooi en ogies toe was meeste Seniors se voorland. So 'n middag uiltjie was immers nie te versmaai nie. Oom Wouter, laaste uit die kooi, net betyds om Louis, Deon en Steve te sien arriveer van die werk af! Net betyds om ook die laaste dagstrale te geniet. Of so het hulle gedink want toe is die Aap jaag se ding om te keer dat hulle die Senior se dag en die jonger geslag se aankomsdag bederf!

Na die vinnige gewoel het die rustigheid neergedaal en die skuins strale die einde aangekondig van nog 'n lekker Senior Burger saamtrek.

Baie dankie Oos-Kaap Seniors vir 'n heerlike kamp!

